GROEPBESPREKING

- Hoe beïnvloed ‘n mens se manier van grootword hoe jy oor God dink? Hoe beïnvloed jou eie pa se karakter en persoonlikheid jou beeld van God? God se Woord en hoe ons ons gedagtes in lyn bring daarmee gee vir ons die regte beeld van wie God is en dit gee vir ons vrymoedigheid om in geloof sekere situasies aan te spreek. Bespreek as ‘n groep die bogenoemde.

- Lees Romeine 12:2 in verskillende vertaligs en memoriseer die skrifgedeelte in jou gunsteling vertaling.

PERSOONLIKE TOEPASSING

- Is daar ‘n area in jou lewe wat jy weet jy nie God se volheid ken of ervaar nie? Watter gedagtepatrone het jy nodig om in lyn te bring met God se Woord?

GEBED

Bid saam dat God vir elkeen ‘n vars openbaring oor Hom sal gee.

WEEK 3
Dink anders, profeteer anders en wees dankbaar

KONNEKSIE

Vertel die groep van vyf (of meer) dinge waarvoor jy vandag dankbaar is.

WOORD

Lees Josua 10:1-13

Josua 10:12-13 (AOV)
Toe het Josua met die HERE gespreek, op die dag dat die HERE die Amoriete aan die kinders van Israel oorgegee het, en voor die oë van Israel gesê: Son, staan stil in Gíbeon, en maan, in die dal van Ajalon! [13] Toe staan die son stil en bly die maan staan totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande. Staan dit nie geskrywe in die Boek van die Opregte nie? En die son het bly staan in die middel van die hemel en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, omtrent ‘n volle dag.

Dink anders, praat anders, sien iets anders
Dit wat Josua daardie dag gesê het, het so ‘n groot effek gehad dat ons dit steeds sien vandag. Februarie maand het elke vierde jaar ‘n ekstra dag by as gevolg van die son wat op daardie dag, op grond van Josua se woorde stil gestaan het.

Watter effek gaan ons woorde oor twee of tien of honderd jaar van nou af hê? Sal dit ‘n voorspoedige effek of ‘n afbrekende effek tot gevolg hê?

Soms is dit so moeilik om ‘n mens se gedagtes oor ‘n ding te verander. As jy ‘n sekere idee het oor hoe ‘n eier gebak word of ‘n wiel omgeruil word dan word ‘n mens nie maklik oortuig om dit op ‘n ander manier te doen nie. Net so, het ons in soveel gevalle ‘n bepaalde idee oor God en oor hoe Hy oor ons dink. Dit veroorsaak dat ons so gewoond is aan die min; so gewoond om sonder iets klaar te kom dat ons nie weet wat dit is om die volheid van God in ons

lewens te sien nie.

Ons denkpatrone bepaal ons manier van praat en ons wat ons praat het net soos in Josua se geval, 'n bepaalde effek in ons lewe. Dit is waarom Paulus ons aanmoedig om ons gedagtes in lyn te bring met die hoe God oor ons dink.

Romeine 12:2 (Ampl)
Do not be conformed to this world (this age), [fashioned after and adapted to its external, superficial customs], but be transformed (changed) by the [entire] renewal of yor mind [by its new ideals and its new attitude]. So that you may prove [for yourselves] what is the good and acceptable and perfect will of God, even the thing which is good and acceptable and perfect [in His sight for you].

Wanneer ons gedagtes of manier van dink begin begin verander sodat ons dink oor soos God oor ons dink, gaan ons ook daaroor begin praat en die effek wat ons tyd in ons lewens gaan sien, sal die goed en welgevallige en perfekte wil van God wees en niks anders nie. Ons sal woorde spreek wat 'n voorspoedige effek op onder andere ons lewens, die ekonomie en selfs die natuur het.

Wees dankbaar
'n konstante gesindheid van dankbaarheid versoorsaak nie net dat ons probleme soveel kleiner lyk as wat dit oorspronklik vir ons was nie, dit skep ook 'n atmosfeer vir wonderwerke.

Mattheus 14:19-20
Toe gee Hy die skare bevel om op die gras te gaan sit; en Hy neem die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en dank; en nadat Hy die brode gebreek het, gee Hy dit aan die dissipels en die dissipels aan die skare. [20] En almal het geëet en versadig geword, en hulle het die oorskot van die brokstukke opgetel, twaalf mandjies vol.

Psalm 100:4
Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam. [5]Want die HERE is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.

Ons dien 'n God wat eindloos goed is vir ons. Hy belowe nie net vir ons die beste nie, Hy het Sy heel beste reeds vir ons gegee toe Hy Sy nuwe verbond met ons gesluit het deur Jesus Christus se kruisdood en opstanding. Hy belowe nie net vir ons genesing, voorspoed en vrede nie – Hy het dit alles reeds vir ons gegee. Daarom het ons soveel om oor dankbaar te wees. Die mens wat dit besef kan ons nie anders as om voordurend oor te loop van dankbaarheid nie. So 'n mens se gedagtes is venuwe en sien God se welgevallige en perfekte wil. So 'n mens sien wonderwerke.